MEDIA-INLIGTINGSTUK: BEKENDSTELLING VAN GOP, 4 AUGUSTUS 2009

Waarom 'n vyfjaarplan?

Die Stad Kaapstad se vyfjaarplan, ook bekend as 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP), is 'n strategiese-ontwikkelingsplan wat begrotings- en strategiese prioriteite stel. Dié plan word jaarliks hersien. Die hoofdoel van die GOP is infrastuktuurgedrewe ekonomiese groei wat werk sal skep en beleggings na die Stad sal lok wat alle burgers tot voordeel sal strek. Die vyfjaarplan kan gesien word as 'n geïntegreerde wisselwerkingsplan vir die Stad en sy belanghebbendes en rolspelers om 'n welvarende stad te verseker.

Wat het die afgelope jaar in die vyfjaarplan verander?

Om seker te maak dat ons steeds op die regte pad na ons hoofdoel van infrastruktuurgedrewe ekonomiese groei is, moet ons die GOP elke jaar hersien en aanpassings maak nadat inwoners geraadpleeg is. Ons GOP moet verskuiwings in die wêreld- en plaaslike ekonomie gedurende die afgelope jaar in berekening bring, sowel as enige praktiese uitdagings wat kan ontstaan.

- Ten eerste het die wêreld met 'n groot afwaartse siklus te kampe waarvan die uitwerking ook in Suid-Afrika gevoel word.

- In die tweede plek bied die tekort aan tegniese vaardighede deur Suid-Afrika heen 'n toenemende uitdaging aan ekonomiese groei en regeringsdienslewering.

- Derdens beteken snelle verstedeliking in Kaapstad dat vir elke gesin wat nou 'n huis ontvang, daar 350 is wat nog wag. 'n Aantal voorvalle die afgelope jaar, met inbegrip van gewelddadige betogings en besetting van huise, het ook getoon dat dié situasie maatskaplike oproer kan veroorsaak.

- In die vierde plek is daar in etlike studies kommer uitgespreek oor die volhoubaarheid van water- en energiehulpbronne in die Kaapse metropool en risiko's onderstreep wat met klimaatsverandering en stygende seevlakke gepaard gaan.

Ten laaste gaan ons die laaste boekjaar voor die 2010-wêreldbekersokker binne, en ons belegging van aansienlike finansiering deur die nasionale en provinsiale regering in nuwe infrastruktuur is goed op dreef. Ons sien uit daarna om duisende besoekers vir die geleentheid in Kaapstad te verwelkom, en ons inwoners sal by blywende verbeteringe van dienste en infrastruktuur baat vind, met inbegrip van 'n R2 miljard-opknapping van die lughawe, 'n R1,3 miljard-opknapping van openbare vervoer, opknapping van belangrike paaie ter waarde van meer as R1 miljard, sowat R1 miljard se opknapping van elektrisiteitsinfrastruktuur, 'n R400 miljoen-opknapping van die sentrale stasie, R1,2 miljard vir nuwe treine, meer as R3 miljard vir 'n nuwe stadion van wêreldgehalte, en miljoene rande se opknapping van ander openbare ruimtes en fasiliteite, byvoorbeeld die Philippi-stadion, die Athlone-stadion, die Groenpunt-meent en die Grand Parade in die SSB. Dié beleggings sal Kaapstad se aansig ten goede verander en ons help om verdere ekonomiese groei en werkskepping te bevorder op pad na 2020.

Ons hersiene GOP vir 2009/2010 beklemtoon steeds die meeste strategiese fokusgebiede wat die afgelope twee jaar ingestel is. In reaksie op die ontwikkelings van 2008 wat hierbo genoem is, het ons egter ook die volgende spesifieke gebiede bygevoeg waarop nadruk gelê word:

- Met die voortgesette wêreld- ekonomiese afswaai,verhoog ons infrastruktuurbeleggings verder om beleggersvertroue in Kaapstad te bevorder, en bied ons die mededingendste stedelike omgewing moontlik vir ekonomiese aktiwiteit. Die nasionale tesourie het aangekondig dat hy 'n soortgelyke beleggingsprogram in vanjaar se begrotingsiklus van stapel gaan stuur.

- Die Stad het 'n nuwe strategiese fokusgebied vir vanjaar se hersiene GOP ingestel wat met volhoubare-energiegebruik in Kaapstad verband hou. Die strategie is daarop gemik om omgewingstoerekenbaarheid in al die Stad se lynfunksies te bevorder, met spesifieke doelwitte gemik op die vermindering van energieverbruik in die Kaapse metropolitaanse gebied, die monitering van die implementering van die Stad se energie-

en klimaatsveranderingstrategie, die verskerping van maatreëls om ons energiesekuriteit te verseker, en toenemende kommunikasie- en opvoedingsinisiatiewe met betrekking tot klimaatsverandering en volhoubare-energiegebruik.

- Wat veiligheid en sekuriteit betref, sal die Stad hom daarop toespits om geringe misdaad en oortredings van verordeninge te bekamp. Ons volg hierdie wetstoepassingsbeleid wat met welslae in stede die wêreld deur toegepas is. Deur 'n skoner en ordeliker openbare omgewing te skep, streef ons daarna om respek vir die wet aan te moedig en 'n aantrekliker stedelike omgewing te skep. Ter steun hiervan sal ons ons kringtelevisie-bewakingsnetwerk versterk, kapasiteit en doeltreffendheid in ons wetstoepassings- en verkeersdepartement verhoog, en voortgaan om ons spesialiseenhede te ontwikkel om spesifieke soorte kriminele aktiwiteite aan te pak, byvoorbeeld middelmisbruik en skending van dienste-infrastruktuur in informele nedersettings.

- Die Stad is vasbeslote om die leeftoestand van inwoners in informele nedersettings te verbeter. Daar word 'n doelbewuste poging aangewend om te verseker dat 'n aanvaarbare peil van infrastruktuur en toegang tot basiese ingenieurs- en ander dienste wat die Stad verskaf, byvoorbeeld nooddienste, tot die beskikking van alle inwoners van informele nedersettings gestel word. Die Stad se brand- en vloedrisiko in informele nedersettings is hoog, en afgesien van verbeterde dienste en programme soos die wintergereedheidsprogram, moet die Stad ook sy kapasiteit vir noodrespons verbeter. Die Stad sal gevolglik sy ramprisikoverminderings- en responsplanne hersien en die kapasiteit van sy noodoproepsentrum uitbrei.

Strategiese-fokusgebied 8, wat met die Stad se menslike hulpbronne verband hou, het etlike nuwe fasette wat daarop gemik is om ons organisasie se doeltreffendheid verder te verhoog, na die implementering van die organisatoriese-herskikkingsproses en die eerste fase van betalingspariteit. In die komende jaar sal die fokus daarop wees om ons personeelbestuurstrategieë te verfyn om met ons diensleweringsprioriteite te strook, en om die welslae van dié proses op 'n voortgesette grondslag te moniteer. Deur dit te doen, is ons doelwit om te bepaal hoe goed ons organisasie aan internasionale en nasionale bestepraktykstandaarde voldoen. Ons sal ons steeds beywer om te verseker dat ons inligtings- en kommunikasietegnologie tot die maksimum voordeel van dienslewering aangewend word. Ek is oortuig daarvan dat dié inisiatiewe ons sal help om ons hoofdoelwit, naamlik infrastruktuurgedrewe ekonomiese groei, te bereik. U word die geleentheid gebied om op die hersiene GOP kommentaar te lewer, met inbegrip van bogenoemde voorstelle, en ons wil baie graag u mening hoor.

Rol van die publiek in die proses

Die departement geïntegreerde ontwikkelingsplan, in oorleg met die subrade, het openbare vergaderings vir Augustus/September beplan, waar die publiek insette oor die GOP kan lewer. Die GOP het 'n nuwe kortboodskaplyn ("SMS line"). Stuur "IDP', gevolg deur 'n kort boodskap na 31766. Daar is ook 'n e-posadres, idp@capetown.gov.za , wat op 'n deurlopende grondslag vir die publiek beskikbaar sal wees.

Die dokument is by biblioteke, subraadskantore, die webwerf www.capetown.gov.za ("5-Year Plan"), sowel as by alle hotelle en bed-en-ontbytakkommodasiepersele ter insae beskikbaar. Die publiek sal ook soos volg insette kan lewer:

- Skriftelike kommentaar deur terugvoervorms te gebruik wat beskikbaar is by

  » subrade;
  » biblioteke;
  » die webwerf (www.capetown.gov.za kliek op "5-Year Plan", dan op "Engaging residents" en dan op "feedback form").

- Kortboodskaplyn: Stuur "IDP", gevolg deur boodskap na 31766.
- Faks: 021 400 4909
- Telefoon: 021 400 9803
- E-posadres idp@capetown.gov.za

Openbare-deelnamevergaderings word 14 dae vooraf in streek- en plaaslike koerante geadverteer.

Alle kommentaar moet ons voor die einde van Oktober 2009 bereik.

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU